# Resensie

Mandela, N.R. 1995. **Long Walk to Freedom: The Autobiography of Nelson Mandela.** Randburg : Macdonald Purnell. 630 p. ISBN 031687496 5.

**Resensent:** *J.H. van* Wyk (Dept. Dogmatologie/Ekklesiologie PUCHO)

Wanneer 'n teoloog 'n politieke outobiografie ter hand neem, kan dit nie anders nie as dat hy so 'n boek deur 'n teologiese bril sal lees. Uiteraard bring dit 'n bepaalde maar onafwendbare eensydigheid mee, 'n perspektief wat dus om aanvulling vanuit ander dissiplines vra.

Bogenoemde outobiografie lê getuienis af van die veelbewoë lewe van 'n man wat letterlik alles opgeoffer het vir vryheid en geregtigheid en wat die realisering daarvan nog in sy lewe – na 'n gevangeskap van 27 jaar, waarby eintlik nog 4 jaar bygevoeg kan word – kon ervaar. Die boek getuig ook van die verstommende verblinding wat 'n politieke ideologie, gerugsteun deur 'n ongekende politieke perssensuur, op mense uitgeoefen het, in so 'n mate dat swart nasionalisme vir Kommunisme aangesien is. In 'n groot mate lewer die boek bewys daarvan dat die geskiedenis herhaaldelik leer dat die les van die geskiedenis nooit geleer word nie, dat 'n volk wat pas 'n vryheidstryd agter die rug gehad het oornag weer ander hulle vryheid ontneem het – terwyl vryheidstrewe 'n onkeerbare vloed is (ook vandag nog).

Wat my veral geïntrigeer het, was die vraag watter verband die outeur tusssen *geloof* en *politiek* sou lê – hy is immers 'n Christen (Metodis) (12, 508), iets wat lank in Suid-Afrika ontken is en vanweë die perssensuur maklik geglo kon word. Dit val op dat hy nêrens eksplisiet en direk 'n verband tussen geloof en politiek lê nie; wat hom geïnspireer het, was nie sy Christelike geloof nie maar sy politieke ideaal (402). Die enigste keer dat na Christus verwys word (508-509), word Hy ter sprake gebring as Iemand wat ook van geweld gebruik gemaak het – 'n argument wat, teologies gesien, onhoudbaar is; Christus het immers nooit geweld gebruik om sy vyande/opponente te dood nie.

Die feit dat geloof en politiek nêrens direk op mekaar betrek word nie, bring die interessante vraag na vore wat die oorsprong van die outeur se gevoel vir (politieke) geregtigheid kan wees. Kom dit, teologies gestel, op uit die algemene of besondere openbaring? (Die outeur hou 'n optimistiese mensbeeld daarop na (615)). Maar sou sy Metodistiese opvoeding dan geen (selfs onbewustelike) invloed gehad het nie?

By die lees van die boek het die besef telkens deurgedring dat daar, naas die Skrif, weinig ander dinge in die wêreld is wat so relativerend inwerk op absolutismes (van volk en vaderland) as die *geskiedenis.* Die *geskiedenis* bring 'n nuwe perspektief op die Afrikanergeskiedenis en relativeer alles wat op 'n stadium absoluut gelyk het. Die *geskiedenis* herinner op 'n eie wyse daaraan dat daar groter waardes as volk en vaderland is, naamlik God en sy koninkryk.

Wat bewonderenswaardig is, is die gesindheid van vergewing en versoening wat die outeur aan die dag lê (612). "Wat verby is, is verby" het hy tydens sy inhuldiging gesê. Vir iemand wat sy beste jare in 'n gevangenis deurgebring het, is so 'n uitspraak verstommend en getuig dit van 'n onuitgesproke Christelike benadering.

Uiteraard is daar ook skadukolle in die boek. Die wyse waarop die konflik tussen die ANC en Inkatha beskryf word en feitlik alle blaam voor die deur van Inkatha gelê word, is nie oortuigend nie. Veral die neutrale wyse waarop die Shell House-skietery beskryf word (608), werp 'n skaduwee oor die onpartydigheid van die outeur, te meer in die lig van sy onthulling op 1 Junie 1995 dat hyself opdrag gegee het dat op Inkatha-protesgangers geskiet moet word indien die Shell House aangeval sou word. Die persepsie dat belangrike inligting lank weerhou is, is ook nie bevorderlik vir 'n regering wat deursigtigheid as doelwit gestel het nie.

*Long Walk to Freedom* is 'n ontstellende en bemoedigende boek. Ontstellend, om jou eie sondes so uitgestal te sien, en bemoedigend, omdat geen sisteem op die lang duur die strewe na vryheid en geregtigheid kan stuit nie.